# Geopende *Deure* NUUSBRIEF

Vervolg Maar nooit alleen.



## Beskerm Christene in die Moslem-wêreld hierdie Ramadan

**Help om aan die R600 000-behoefte te voldoen om nagenoeg 163 miljoen gelowiges te versterk**

**MEI/JUNIE 2020**

Jy help Christene om die Evangelie te verkondig, bl. 2 | Jou gebede maak saak! bl. 3
Abdallah groei in Christus en brei die Koninkryk uit, bl. 4 | Getuienisse van geloof, bl. 5
Ontmoet hulle op die frontlinie, bl. 6 | Bid vir gelowiges in Jemen, bl. 7

# Jy help Christene om die Evangelie te verkondig

Die Islamitiese heilige maand van Ramadan is die heiligste maand van die jaar in die Islamitiese kultuur. Dit is dikwels ŉ moeilike tyd vir gelowiges wat in streke met ŉ Moslem-meerderheid woon, veral vir diegene vanuit ŉ Moslemagtergrond wat intense druk vanaf hulle Moslem-gemeenskap ervaar om terug te keer na Islam.

In Indonesië is daar egter een groep Gelowiges vanuit ŉ Moslemagtergrond (GVM's) wat meen dat dit die perfekte tyd is om die Evangelie met Moslems te deel. Samir* is deel van hierdie groep, wat probeer om maniere te vind om gedurende Ramadan tot seën te wees vir hul gemeenskap.

Sedert Samir en sy vrou verlossing in Jesus gevind het, het hulle ŉ voortdurende spervuur van intimidasie en dreigemente verduur. *"Siende dat ons nie meer na die moskee toe gaan nie, het die plaaslike Moslems na ons huis toe gekom en ons gedwing om te vas en te bid. Dit raak erger tydens Ramadan,"* sê hy.

**Jou ondersteuning help Samir genadiglik met opleiding wat hom op vervolging voorberei**, om hom te help om sterk te staan te midde van die druk. Hy het geleer hoe om vervolging op ŉ Bybelse manier te hanteer en om in liefde en waarheid teenoor sy vervolgers op te tree.

Elke week woon Samir en ander plaaslike GVM's ŉ dissipelskapklas by, waar hulle opnuut verseker word van die waarheid om as volgelinge van Jesus altyd God se liefde met ongelowiges te deel, selfs wanneer hulle verhoogde druk en


Verteenwoordigende foto gebruik.

vervolging ervaar gedurende Ramadan.

Die lede van hierdie groep is nie welvarend nie, so hulle gee van hulle tyd en energie om die gemeenskap te seën. Om tussen hulle bure te wees, gee ook aan hulle die geleentheid om die Evangelie te deel met die baie Moslems wat nie vas nie, selfs al is dit verligtend gedurende Ramadan. Wonderbaarlik is die ontvanklikheid van die Evangelie tydens die Moslems se heilige maand verbasend positief, met mans en vroue wat elke jaar hulle lewens vir Jesus gee en gedoop word!

Prys die Here vir hierdie nuwe gelowiges en vir die dapper broers en susters wat die Evangelie in hierdie seisoen deel. Bid asseblief dat God meer deure hierdie Ramadan sal open vir gelowiges soos Samir om selfs meer oor Christus te getuig.

**En dankie dat jy saam met GVM's in Indonesië en op ander plekke in die Moslem-wêreld staan – deur jou ondersteuning is ons in staat om ons broers en susters in tye van verhoogde gevaar te beskerm, toe te rus en te bemoedig.**

*Naam verander vir sekuriteitsredes.



# JOU GEBEDE MAAK SAAK!

Hoe kan ons Christus se liefde gedurende Ramadan aan Moslems bewys?

Die antwoord begin met gebed. Deur jou ruimhartige ondersteuning wys jy ware liefde en toewyding aan gelowiges regoor die wêreld wat vervolging ervaar – en met Ramadan onderweg van 24 April tot 24 Mei, is jou gebede noodsaaklik vir ons broers en susters in streke met ŉ Moslem-meerderheid.

Hul behoefte aan jou gebede is nie net vir hul beskerming en troos gedurende hierdie tyd van verhoogde vervolging nie, maar ook sodat hulle bemagtig sal wees om ander vir Christus te bereik.

Sal jy jou verbind om gedurende hierdie seisoen vir een dag te bid en te vas en die Here te vra om Sy lig in die donkerte te laat skyn? Saam kan ons ŉ kragtige beweging van God se mag ontketen.

## Hier is hoe jy kan bid tydens hierdie kritiese maand:

- Bid dat namate Moslems meer tyd in gebed en meditasie spandeer, die Here hulle sal help om te verstaan dat hulle saligheid slegs in Jesus te vinde is.
- Bid vir kerke om maniere te vind om die liefde van Christus met hulle Moslembure tydens Ramadan te deel en vir die Evangelie om met vrymoedigheid verkondig te word.
- Bid dat Christene die liefde van Christus aan Moslems en GVM's in hulle gemeenskappe sal wys. *Baie GVM's deel dat dit juis die liefde van Jesus was wat hulle aangetrek het tot Christenskap.*
- Bid vir die Here se Gees om aan die werk te wees onder radikale Islamitiese groepe soos Boko Haram in Nigerië, die Islamitiese Staat in die Midde-Ooste en baie ander regoor die wêreld – deur die duisternis te bind en lede van hierdie groepe na God se waarheid te roep.
- Bid dat ondersteuning sal instroom om te help om voort te gaan om gelowiges in die Moslem-wêreld te beskerm, toe te rus en te bemoedig.

# Abdallah groei in Christus en brei die Koninkryk uit te danke aan jou!



Op 60-jarige ouderdom is Abdallah een van die oudste lede van die dissipelskapsopleiding in Noord-Afrika wat deur vennote van Geopende Deure georganiseer word. Hy onthou steeds die vrees wat sy lewe oorheers het voor hy tot geloof in Christus gekom het.

*"Voor ek Jesus ontmoet het, was ek ŉ Moslem wat ŉ swaarmoedige lewe van vrees vir die dood geleef het… Ek was bang, en ek kon nie vrede vind nie,"* sê Abdallah.

Hierdie vrees het begin verdwyn toe Abdallah op ŉ Christelike program op televisie afgekom het. Hy was op soek na iets interessant om te kyk – wat God vir Hom gewys het, het sy lewe verander. Abdallah het uiteindelik sy lewe danksy hierdie program vir Jesus gegee, en dit was nie lank daarna nie wat sy vrou en kinders ook Christene geword het.

*"Ek onthou ek het vreugde en vrede gevoel op daardie stadium, maar meestal innerlike vrede. Namate ek vrygemaak is van alle valse dinge, is ek wedergebore."*

As jy Abdallah vandag sou sien, sou jy nie geweet het dat hy vir dekades vasgevang was in vrees en depressie nie. Jesus het sy lewe en die lewens van sy hele familie verander! Om ŉ gelowige in Noord-Afrika te word, kom ongelukkig met ŉ prys. Sy broers en susters het hom en sy familie oor hulle geloof verwerp, en hulle is deur hulle hele gemeenskap geïsoleer.

Maar jou ondersteuning help Abdallah om sterk te staan deur Geopende Deure se dissipelskapsopleiding, sodat hy die lig van Christus kan laat skyn in die gemeenskap wat hom verwerp het.

*"Dit is so belangrik om die Bybel saam te bestudeer en te verstaan,"* sê hy. *"As dit stop, stop alles. Die duiwel sal die geleentheid aangryp. Ons sal weer in die duisternis wees."*

Alhoewel dit nie maklik is om ŉ Christen in ŉ nasie met ŉ Moslem-meerderheid te wees nie, het Abdallah dit nooit oorweeg om terug te keer na Islam nie. *"Ek het altyd gesê dat selfs al druk hulle ŉ mes teen my keel, sal ek nie kan sê dat Jesus nie bestaan nie."*

Dankie dat jy Abdallah help om in God se Woord te groei en dieper in sy geloof te groei! Deur die ondersteuning van vriende soos jy word gelowiges soos Abdallah deur dissipelskapsopleiding toegerus om God se Koninkryk uit te brei waar geloof die meeste kos.

*Naam verander vir sekuriteitsredes.

# Getuienisse van geloof

Die ongelooflike feit oor die harde realiteit van Christen-vervolging in die Moslem-wêreld, is dat Moslems steeds tot geloof in Jesus kom, ten spyte van die prys!

Hier is ŉ paar kragtige woorde van Gelowiges vanuit ŉ Moslemagtergrond wat weier om hulle rûe op Christus te draai:

*"Ek was baie eerlik met my familie oor my geloof. Ek het vir hulle gesê dat ek vir Christus is en dat niks in die wêreld my van plan sal laat verander nie. My God het my sedertdien onderhou, so ek het geen vrees nie."*

Achiam*, ŉ blinde 20-jarige Christen wat deur haar familie verwerp is.




*"Niks kan gelyk wees aan die lewe wat Jesus vir my gegee het nie."*

Kabil*, ŉ 40-jarige gelowige wat reageer op ŉ ultimatum om Jesus te verwerp of sy familie te verloor.



*"Jesus is soos suurstof, want sonder suurstof kan ŉ mens nie asemhaal nie. As Jesus nie in my lewe was nie, sou ek nie lewendig gewees het nie… Ongeag wat in my lewe gebeur, kan ek Jesus nie los nie."*

Islem*, ŉ 22-jarige wat hoop in Christus gevind het toe sy ŉ groep Christene ontmoet het net nadat sy probeer selfmoord pleeg het.



Hierdie is slegs ŉ paar van die talle stories wat elke dag instroom van Moslems wat lewe in Jesus vind en nooit terugkyk nie. Dankie dat jy hierdie vervolgde broers en susters deur jou geskenke en gebede ondersteun. Jy help hulle om onwrikbaar in hul geloof te wees!

*Naam verander vir sekuriteitsredes.

# Ontmoet hulle op die frontlinie



**As jy geïnspireer is deur die stories in hierdie nuusbrief en wil weet hoe jy ons vervolgde broers en susters op ander maniere kan ondersteun, lees verder!**

Weens die impak van die huidige pandemie is talle van ons vervolgde broers en suster uiters moedeloos en daarom is dit nodig dat hulle, meer as ooit te vore, weet dat hulle nie alleen is nie. Jy kan jou liefde en ondersteuning aan hierdie dapper gelowiges wys deur die lande te besoek waar hulle woon en daar op die frontlinies van geloof te bid en te bedien.

Hier is twee geleenthede* vir jou om die vervolgde Kerk vanjaar saam met Geopende Deure te besoek:

## Bangladesj:

### 4–9 November 2020

Jy sal vir gelowiges bid en diegene bemoedig wat vanuit 'n ander geloofsagtergrond tot bekering in Christus gekom het.

## Irak:

### 12–19 November 2020

Jy sal saam met Christene staan wat na hierdie land terugkeer om hulle lewens te herbou na 'n tydperk van verpletterende geweld en oorlog.





Die bemoediging wat jy aan gelowiges sal bring wanneer jy saam met Geopende Deure reis om hulle in die middel van hulle beproewinge te ontmoet, is ondenkbaar. Jy sal nie kan glo hoe God in jou lewe werk om jou geloof deur hierdie ervaring te versterk nie. Asseblief, moenie hierdie geleentheid misloop nie! Stuur 'n epos aan **travel@opendoors.org.za** vir meer inligting.

*Let asseblief daarop dat reise weens die pandemie tentatief is.



# JEMEN

POSISIE **#8** | WWL-PUNTE **85**

| Druk | | | | | Geweld |
|---|---|---|---|---|---|
| PRIVAAT | FAMILIE | GEMEENSKAP | NASIONAAL | KERK | GEWELD |
| 99.4% | 98.2% | 98.2% | 100% | 100% | 15.5% |

**Streek** Arabiese Skiereiland

**2020-Posisie** #8 uit 50

**Meerderheidsgeloof** Islam (minder as 1% is Christene)

**Regering** Islamitiese republiek

**Bron van Vervolging** Islamitiese onderdrukking

Dit is onwettig in Jemen om Islam te verlaat en Gelowiges vanuit ŉ Moslemagtergrond kan die doodstraf kry.

Jemen is ŉ streng Islamitiese nasie. Daar is geen ruimte vir openbare kerkaktiwiteite of privaat aanbidding nie. Die voortslepende burgeroorlog, wat een van die ergste humanitêre krisisse in die onlangse geskiedenis tot gevolg het, het ook tot gevolg dat radikale Islamitiese groepe hulle aktiwiteite in sekere gebiede versprei, wat lei tot Christene wat ontvoer en vermoor word.

Terwyl die aantal gelowiges in Jemen groei, moet die meeste hulle geloof ŉ groot geheim hou. Indien hulle geïdentifiseer word, kan hulle deur familielede aangeval of vermoor word.

Hier is hoe jy hierdie maand jou gebede kan rig:

+ Bid vir voorsiening vir Christene wat dikwels toegang tot noodleniging geweier word.
+ Bid dat Jemeense gelowiges die waagmoed sal hê om hulle geloof te deel, ten spyte van teenstand.
+ Bid vir vrede in Jemen en ŉ toekoms waar gelowiges God vrylik kan aanbid.


Verteenwoordigende foto gebruik.

WÊRELDWAARNEMINGSLYS

www.opendoors.org.za/afr/wwl

# VANUIT JAN SE PERSPEKTIEF

Beste vennoot van die vervolgde Kerk

Geopende Deure se stigter, Broer Andrew, het dit regdeur sy bediening duidelik gemaak dat ons nie teen enigiemand is nie, maar dat ons pro-Jesus is. Hy het ook gesê dat die woord Islam 'n akroniem is vir *I Sincerely Love All Muslims.*

Ons bediening in Islamitiese lande is gebaseer op liefde. Ons versterk die Kerk in hierdie lande om die liefde van Jesus in hulle lande te weerspieël. Ons fokus is om Christene en nie-Christenete te bereik. Ons doen dit deur gelowiges te versterk om die sout en lig in hulle lande te wees.

As gevolg van die koronavirus en Ramadan, is Christene dubbel so kwesbaar vir vervolging en hongersnood. Dit is belangrik dat ons dringend bid, vir ons broers en susters in Christus en ook vir Moslems. Christene ervaar toenemende druk om na Islam terug te keer gedurende Ramadan en word gedurende die pandemie laaste bygestaan, terwyl Moslems meer ontvanklik is vir die Evangelie terwyl hulle na die waarheid soek.

Mag ons Christelike familie in staat wees om soos Paulus in Filippense 4:10 te sê: *"Ek was baie bly in die Here dat julle na so 'n lang tyd weer gewys het dat julle nog aan my dink. Nie dat julle my ooit vergeet het nie."*

Ons moet saam met dié staan wat op die frontlinies van ons geloof die geestelike stryd voer en die goedheid van God verklaar aan almal wat verlore is, sodat hulle ook die hoop wat ons in Christus Jesus het kan leer ken.

Verenig hierdie maand saam met ons in gebed vir ons broers en susters in die Moslem-wêreld en vir Moslems terwyl hulle Ramadan vier gedurende hierdie ongekende tyd. Dankie vir al jou gebede en ondersteuning!

Saam in Sy diens

Jan



Jan Gouws
Uitvoerende Direkteur
Geopende Deure Suider-Afrika

**Staan hierdie maand saam met ons om gelowiges in die Moslem-wêreld tydens Ramadan te help beskerm en bemoedig. Skandeer* die QR-kode om 'n geskenk te gee.**

*Gebruik jou foon se kamera, 'n QR-kode toepassing (app) of besoek www.opendoors.org.za/geheimekerk om te gee.


**Posbus 1771, Cresta, 2118**
**T** +27 11 888 9341
**F** +27 11 888 9362
**E** southafrica@od.org
**I** www.opendoors.org.za

Open Doors South Africa



Bankbesonderhede: Suid-Afrika, **Geopende Deure - Open Doors, ABSA - Northcliff (632005), Rekeningnr. 160340568 Geopende Deure - Open Doors, Nedbank Besigheidsrekening (198765), Rekeningnr. 113 750 4552**
Bankbesonderhede: Namibië, **Open Doors Namibia, Nedbank - Windhoek (461609), Rekeningnr. 1-2000-23847-1**
(Faks asseblief die bewys van betaling na: **+27 11 888 9362**)
Saamgestel deur Geopende Deure Suider-Afrika.


Inligting korrek by ter perse gaan. Geen reproduksie sonder toestemming nie. Kontak Milandré by milandreh@od.org


**REG # 2004/023397/08 | Drukwerk deur Resolution Litho**